

Eron Memaj
Promotor: Prof R Carolissen

Verkenning van die narratiewe van 'n sin van gemeenskap onder plaaslike en internasionale studente by 'n navorsing intensiewe, Amerikaanse universiteit

Tans studeer meer as vier miljoen studente in 'n ander land. Daar is verskeie redes vir hierdie beduidende toename in internasionale studente-mobiliteit oor die afgelope 15 jaar. Eerstens is studente-mobiliteit nou verweef met die groter tendense van globalisering, waar lande soos die Verenigde State, Kanada, die Verenigde Koninkryk en Australië meeding vir die beste en blinkste verstande om nie net in hulle onderskeie lande te studeer nie, maar uiteindelik ook daarheen te immigrer. Tweedens kyk baie studente na ander lande as 'n geleentheid om hulle kansen te verbeter om werk te kry wanneer hulle teruggaan huis toe. Laastens kyk baie universiteite met 'n tekort aan kontantvloei ook na internasionale studente om gapings in hulle begrotings aan te vul, aangesien hierdie studente baie hoër studiegelde betaal as hulle Amerikaanse eweknieë. Daarbenewens het internasionale studente 'n beduidende invloed op beide die plaaslike en nasionale ekonomieë in hulle gasheerlande. Aangesien die top gasheerlande meeding vir getalle internasionale studente het daar wêreldwyd debatte ontstaan oor hoe internasionale studente op kampusse integreer. Soos kampusgemeenskappe toenemend diversifiseer, so doen ook die konsep van 'n sin van gemeenskap vind. Internasionale studente kan egter aanneem dat Amerikaanse studente reeds 'n sin van gemeenskap op 'n universiteitskampus het, hoewel die literatuur aandui dat Amerikaanse studente ook sukkel. Die hoofdoelwit van hierdie studie was om 'n in-diepte verkenning te doen van die narratiewe van beide internasionale en Amerikaanse studente om te vergelyk hoe hierdie studente 'n sin van gemeenskap in 'n onbekende kampusomgewing konstrueer. Daarbenewens verken hierdie studie ook hoe internasionale en Amerikaanse studente hulle sin van op die kampus behoort, onderhandel; die dinamika met betrekking tot gemeenskap wanneer internasionale en Amerikaanse studente met mekaar in kontak kom; en hoe hierdie studente hulle eie en ander se kulturele identiteite onderhandel. Hierdie studie verskaf dus praktiese implikasies vir universiteite om die ervarings van beide internasionale en Amerikaanse studente te verhoog.

Die teoretiese basis vir hierdie studente sluit in akkulturasieteorie, sosiale verteenwoordigingsteorie, derde ruimte teorie (*third space theory*), Tinto se model van studenteretensie, en die teorie van saakmaak (*the theory of mattering*). Met behulp van 'n epistemologiese konstruktivistiese paradigma het hierdie studie 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering met 'n gevallestudie- navorsingsontwerp gebruik. 'n Totaal van 20 internasionale en Amerikaanse studente het deur middel van fokusgroepe en weeklikse joernale aan die studie deelgeneem. Die navorser het ook 'n joernaal gehou om die bevindinge van die studie te interpreteer.

Die bevindinge van die studie onderstreep die belangrikheid van 'n sin van gemeenskap, hoewel 'n vergelyking van die narratiewe van die internasionale en Amerikaanse studente getoon het dat daar ooreenkomste en verskille in die sienings van 'n sin van gemeenskap was. 'n Ondersoek na die oppervlak van die narratiewe het getoon dat beide die internasionale en Amerikaanse studente hulle tevredenheid met die universiteitsgemeenskap uitgedruk het. 'n Dieper kyk na die data verskaf egter 'n ander storie. Beide groepe studente het gesê hulle voel dat hulle nie vir die universiteitsgemeenskap saak maak nie, hoewel hulle dalk vir sommige individue saak maak. Hierdie studie vertoon ook hoe elke stel studente hierdie nuwe omgewing met sekere sosiale voorstellings of "lense" betree het, veral met betrekking tot hoër onderwys. Dit stel voor dat studente platforms en geleenthede benodig om komplekse en diverse interaksies te kan hê om te leer van en anders te dink oor komplekse kwessies, soos 'n sin van gemeenskap.

Die implikasie van hierdie studie is dat 'n dialoog aangemoedig moet word om 'n sin van gemeenskap op universiteitskampusse nie net in die Verenigde State nie, maar ook orals oor die wêreld, te definieer. Hierdie studie versterk die impak van 'n sin van gemeenskap op die sukses van universiteitstudente, asook die impak wat dit het op studentewerwing en -behoud. Daarbenewens vertoon hierdie studie die kompleksiteit van identiteitsontwikkeling en die delikate aard van hoe mense kulturele interaksies verwerk.